Skrifgedeelte: Matteus 27:15-31

Teksvers: Matteus 27:17

Tema: Watter Jesus is jy nou eintlik?

Elkeen van ons se lewe bestaan uit stories. Ouers vertel van kleintyd af vir hulle kinders stories - wel, ek hoop ouers doen dit nog. Soos mens ouer word, word hierdie denkbeeldige stories vervang met karakters in `n boek of `n TV-reeks. En as student droom jy oor hoe jou lewenstorie gaan lyk en kry jy vir jou `n rolmodel waarvolgens jy jou lewe wil vorm. Stories vorm dikwels ons lewens. Dit gee vir ons wense, drome, ideale en dit hou soms die groot nagmerries van die lewe weg.

In hierdie verhaal oor Jesus Christus se verhoor, waar vind jy jouself? Met watter persoon in hierdie verhaal identifiseer jy - sal jy graag wil wees? Dalk sal van ons Pilatus wil wees. `n Man wat gesag kan afdwing, wat as `n regeerder en `n regter kan oordeel en wat bloot met `n handgebaar jouself kan distansieer van die besluite wat jy neem. Dalk is daar van ons wat ons weer met die priesterhoofde en familiehoofde wil identifiseer. Mense van naam, wat `n groot groep mense lei om die sosiale kwessies van die dag aan te spreek. Ons wil dalk mense wees wat sorg dat probleme opgelos word en vir wie ander mense luister as ons praat.

Maar in werklikheid is daar net `n keuse tussen twee persone - Jesus Barabbas of Jesus wat Christus genoem word. Dit is eintlik die enigste opsie wat vir ons oopgelos word en ek sal bietjie later verduidelik hoekom. Maar watter Jesus is jy?

Wanneer ons die keuse maak, sal die meeste van ons Jesus Christus wil wees - dit voel reg om soos Hy te wil wees. Dit is mos die "katkisasie antwoord" wat van ons verwag word. Ons hoor mos op verskillende plekke dat ons ons moet inspan om soos Jesus Christus te wees.

Wanneer dit by hierdie verhaal kom, kan ons egter nie meer verkeerd wees nie, want daar is nie `n manier dat ons soos Jesus Christus kan wees nie! Wel, nie wat hierdie verhaal betref nie. Ja, hierdie is `n storie, `n verhaal, maar anders as sprokies en uitgedinkte stories, is hierdie `n ware verhaal waarvan die gevolge die wêreldgeskiedenis en die geskiedenis van die mensdom heeltemal verander. Al wil ons hóé graag soos Jesus Christus wees in hierdie verhaal, kan ons nie wees nie.

Want sien, nie een van ons is onskuldig nie. Hierdie uitspraak wat Pilatus gemaak het, dat Jesus geen kwaad gedoen het nie, beteken dat Jesus Christus geen sonde gedoen het nie. Hy staan voor `n regbank - heeltemal onskuldig! Nie een van ons kan die standpunt inneem dat ons die Seun van God is nie, dat ons sonder sonde is nie, dat God aan ons die mag gee om sondes te vergewe, vrylating vir gevangenes aan te kondig en dooies uit die dood op te wek nie. Nie een van ons kan die wind beveel om te gaan lê of die see om rustig te word nie. Dit is alles waarhede wat Jesus Christus oor Homself erken en bekend gemaak het.

Wanneer ons egter só groot van onsself dink, dat ons Jesus Christus kan wees en heeltemal soos Hy wil wees, is ons in werklikheid skuldig. Dan maak ons van onsself en ons mens-wees meer as wat ons werklik is. Dan wil ons onsself gelyk stel aan God en dink dat ons só goed is, dat ons vir ander mense se sondes kan sterwe. Juis dan is ons Jesus Barabbas!

In werklikheid het nie een van ons `n keuse oor watter Jesus ons nou eintlik wil wees nie. Elkeen van ons is Jesus Barabbas - die skuldige moordenaar en protes-leier wat onskuldig verklaar word. Ook as ons die priesterhoofde of familiehoofde of selfs Pilatus wou wees, sou ons in werklikheid skuldig wees. Elkeen van hulle het `n aandeel daarin gehad dat Jesus gemartel en gekruisig was. Elkeen van ons is skuldig en elkeen van ons, wanneer ons Jesus Christus in die geloof aanneem, word vrygelaat, terwyl Jesus Christus die straf vir ons sondes dra. Ons is die skuldiges, wat die dood aan die kruis en die ewige dood sonder God verdien het, maar tog word ons vrygespreek en word Christus in ons plek gemartel en gekruisig.

Wanneer ons so aan Hom dink, word die tekens van brood en wyn telkens weer `n versekering dat Hy Hom in ons plek oorgegee het en dat Hy ons só seker met sy liggaam en bloed voed as wat ons binnekort die Nagmaal gaan vier. Jesus Christus het Homself in ons plek oorgegee en dit beteken `n paar goed. Ons bely in sondag 15 en 16 van die Heidelbergse Kategismus dat Jesus Christus die toorn van God, die ewige verdoemenis, die streng oordeel van God en die vervloeking van God in ons plek gedra het. Hy het ook in ons plek ons angs, smarte en verskrikking gedra.

Die toorn van God, die ewige verdoemenis, die streng oordeel van God, die vervloeking van God en ons angs, smarte en verskrikking is ook nie maar net een en dieselfde ding nie. Wanneer ons praat van die toorn van God, gaan dit oor die heilige woede van God oor die sonde. Die toorn, of woede, van God gaan oor Wie God is. Net soos wat God liefde is, só is God ook toorn of woede. Dit is in werklikheid God se omgekeerde liefde, sy heilige jaloesie weens die sonde wat daar in ons is. Juis dit het Jesus Christus vir ons kom dra as ware mens en as die Lam van God tydens sy hele lewe op aarde en in die besonder aan die kruis.

Die streng oordeel van God beteken dat God as regter opgetree het toe Jesus Christus onskuldig ter dood veroordeel is. Al het Pilatus sy hande in onskuld probeer was, het God deur Pilatus gewerk. Daarom dat Jesus vir Pilatus gesê het dat hy geen mag het as God dit nie vir hom gegee het nie. Juis deurdat Pilatus homself probeer onskuldig hou het, word die streng oordeel van God duidelik deurdat Jesus Christus onskuldig ter dood veroordeel is, sodat ons voor die gerig van God vrygespreek kan word.

Die vervloeking van God wys weer in die besonder na die kruisiging. Daar waar Jesus Christus kaal en stukkend aan die kruis gehang het, het die wêreld hom verneder en tot `n skande gemaak. Die wêreld wil nie meer vir Hom plek gee om te rus nie en ook mag Hy nie meer in die hemel plek vind om te rus nie, want reeds in Deuteronomium 21 het God gesê dat elkeen wat aan `n kruis hang, deur God vervloek is. Só is die skuldbrief van ons sondes teen die kruis vasgeslaan; is Hy deur God vervloek, sodat Hy ons kan seën.

En hoe het Hy nie ons grootste angs, smarte en verskrikking gedra nie? Hoe intens moes sy vrees nie gewees het nie toe Hy geweet het dat Hy nou stukkend geslaan gaan word, dat Hy `n swaar stuk hout na `n koppie toe sou moes dra, dat daar lang spykers deur sy hande en voete geslaan sou word en dat Hy stadig sou moes versmoor terwyl selfs God Hom verlaat het.

Juis só neem Hy die ewige verdoemenis vir ons weg, sodat ons weer in `n verhouding met God kan staan en God ons nooit meer sal verlaat nie. Verdoemenis beteken mos juis om

heeltemal alleen te wees terwyl jy intense pyn ervaar - alleen. Sonder God en sonder mense. Juis dit het Jesus Christus vir ons kom wegneem.

Wanneer ons Nagmaal vier is dit nie maar net `n stukkie brood en `n slukkie wyn wat ons eet en drink nie. Agter dit sit `n onbeskryflike verhaal van God se genade, waarin ons, die Jesus Barabbasse van vandag, vry kon wegloop terwyl Jesus Christus as `n onskuldige in ons plek aan die kruis gehang het. Watter Jesus vorm en bepaal jou lewensverhaal?

Amen